# DONDERDAG 9 MEI 2002
**NG KERK POTCHEFSTROOM-SUID**
**HEMELVAART**

## LITURGIE

| **WIE** | **WAT** | **DETAIL** | **BORD/MUSIEK** |
|---|---|---|---|
| Musiekgroep | Lof en aanbidding | All over the world (1-3)<br>O ewige God (1-3)<br>HL314:1-3 “Strome van seën”<br>Die vrug van die Gees (1-2)<br>Vuur uit die hemel (1-3)<br>Ons Koning kom (1-3)(Melodie van JG9) | |
| | Voorlesing | Joh 14:1-11 | |
| Musiekgroep | Lof-en-aanbidding | JG36:1-3 Ons God en Vader (1-3)<br>Father I adore You (1-3) | |
| | Voorlesing | Hand 1:9-11 | |
| Hannes | Lof-en-aanbidding | LB426:1-2 “Ons sing nou bly ons vreugdelied”<br>LB429:1-5 “Die Heer regeer” | |
| | Transpirante: hemelvaart | Verskeie tradisies rondom Jesus se hemelvaart: | |
| Musiekgroep | Lof-en-aanbidding | JR53:1-3 “Hy is Heer”<br>E- (1-4) “Ek wil U sien Heer” | |
| | Gebed | | |
| Liturg | Skriflesing | Mat 28:16-20, Joh 14:18 | Skrif |
| Liturg | Preek | “Altyd by julle” | Skrif |
| Almal | Gebede | Onze Vader, die ons steeds weer leven schenkt en<br>hemelse toekomst belooft, wij dromen van Uw Rijk.<br>Maak ons tot Uw handen in deze wereld,<br>schenk ons vrede, liefde en gerechtigheid.<br>Geef ons heden onze dagelijkse taak<br>waardoor wij brood kunnen geven aan de hongerenden onder ons<br>en wijn aan de droevigen.<br>Vergeef ons onze blinde dromen,<br>en de eigenwaan die ons wegvoert van U en van elkaar.<br>Help ons Uw gezicht te zien in onze medemensen,<br>opdat wij hen kunnen aanvaarden en waarderen zoals ze zijn<br>en voer ons samen in Uw Koninkrijk een eeuwigheid lang. Amen. | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Musiekgroep | Liedere | LB518:1-2 “Voel jy soms of die Here te ver is? | |
| | Seën | S- (2x) Die genade van ons Here Jesus bly met jou | |
| | | Die Here sal sy Gees uitstort oor julle:<br>* julle seuns en julle dogters, sodat julle as profete kan optree<br>* julle jongmense, sodat julle gesigte kan sien<br>* julle oumense, sodat julle drome kan droom | |

Liedere (nie vir vanaand)
JG46:1-3 “Vader ons eer U”
Heilige Gees lei my (2x)
Waai deur my
Sendinglied
Voel jy soms of die Here te vêr is?

# Verskeie tradisies rondom Jesus se hemelvaart:

Vandag bring Pelgrims in die Indiese staat Kasjmir besoek aan sy graf.

- Rozabal-moskee in Srinagar : baie onaansienlik
- binne in hierdie moskee vind jy die graf van Jesus van Nasaret.

Volgens hulle het Jesus saam met Sy moeder na Indië gereis.

Hoe het Jesus in Indië beland?

- Islam, hinoeisme en Boeddisme ken die verhaal van Jesus na Indië.
- Apokriewe boeke meld Sy verblyf in Sentraal-Asië.
- Glo Jesus het nie aan die kruis gesterf nie
- Hy het wel aan die kruis gehang - maar Hy was nooit dood nie.
- Na 3 dae het Sy krag weer toegeneem en het Hy opgestaan uit die “dood”.
- Reis saam met Sy moeder na Damaskus.
- Bly op ‘n sekere plek: Die plek staan vandag nog bekend as Mayuam-i-isa (“Die plek waar Jesus geleef het”)
- Na ‘n tyd in Damaskus het Jesus Damaskus verlaat
- en reis saam met moeder na Afghanistan.
- Kry mettertyd die benaming “Yuz Asaph” (“leier van die wat van melaatsheid genees is”)
- Vandag nog ‘n sekte in Noordwes-Afghanistan wat glo Jesus het die kruisdood oorleef en na Kasjmir gereis.
- Sê Maria is begrawe in Oos-Pakistan, naby die huidige grens van Kasjmir.
- Die plek word vandag nog genoem: “Mai Mari da Asthan” (“Laaste rusplek van Moeder Maria).
- Een van die Apokriewe boeke (Die Handelinge van Thomas) maak ook melding van ‘n besoek wat Jesus in die jaar 47 saam met Thomas aan die Indiese koning gebring het.
- Die kerkvader Irenaeus skryf blykbaar ook van Jesus se verblyf in Asië.
- Hierdie reis van Jesus kom in Kasjmir op ‘n einde.
- In Kasjmir vind jy ‘n monument met ‘n inskripsie: “Jesus, profeet van die kinders van Israel”

- Daarom is daar ‘n graf in Srinagar in die Rozabal moskee.
- Hier vind jy die eenvoudige handgeskrewe mededeling: “Yuz Asaph het die vallei van Kasjmir vele eeue gelede betree, Sy lewe was gerig op die soeke na die waarheid”
- In hierdie graf vind jy ‘n sarkofaag, en voete in steen gegraveer met stigmata daarby.
- Daar is ook ‘n kruis en ‘n rosekrans.
- Jaarliks stroom honderde pelgrims uit Moslems, Hindoes, Boeddisme en selfs christene hierheen.
- Die Moslems glo Jesus het hier gesterf as ‘n groot profeet.

Wat ‘n mooi verhaal.
‘N Verhaal wat baie mense se lewens aangeraak het.
Hoe wonderlik dat Jesus ook onder die Moslems en ander gelowe bekend geword het as die Een wat siekes gesondmaak.

- Die Een wat die reg beskerm.

Maar hoe verskriklik sou dit gewees het as dit die werklike verhaal was.

- As ons vanaand moes sê: Alles het opgehou by ‘n graf in Kasjmir.

Hoe verskriklik sou dit wees om te gaan staan by die graf van die Een in Wie jy geglo het.

- En om te weet: Hier het alles opgehou.
- Hier lê Hy begrawe.
- Hier het die verhaal aan ‘n einde gekom.

Weet julle hoekom is die hemelvaart van Jesus so belangrik.
Dit sê vir ons: Hou op soek na sy graf.

- Julle sal Hom nie hier kry nie.
    - Nie in Jerusalem nie.
    - Nie in Kasjmir nie.
    - Ja, jy sal nêrens sy oorskot kry nie.
    - Want Hy lê nie in ‘n graf nie.
- Hy het opgevaar en Hy leef.
- Hy sit aan die Regterhand van God die Vader.
- Hy regeer tot in alle ewigheid.

# Jesus was natuurlik nie die enigste Een wat ‘n hemelvaart onderneem het nie.

- Henog
- Moses?
- Elia
- Hemelvaart van Maria (RKK en Grieks Orthodoks: 15 Aug)
- Moslems: Hemelvaart van Mohammed (2 hemelreise)
- Oosterse kerke: glo dat die mens wanneer hy sterf, ‘n hemelreis van 40 dae onderneem.

# Jesus se hemelvaart deur die eeue:

Tot en met die 12e eeu was daar ‘n baie eenvoudige geloof oor die hemelvaart:

> Jesus het op die berg opgegaan. Sy Vader het Hom aan die hand geneem en Hom terug begelei na die hemel.

Vanaf die 13e eeu is die hemelvaart baie meer dinamies uitgebeeld.

- Christus uitgebeeld in ‘n ronde nimbus
- Hierdie nimbus word vasgehou deur twee engele
- Christus hou die Bybel in Sy linkerhand.
- Met die regterhand maak Hy ‘n seënende gebaar.
- Rondom Hom staan die apostels - almal besig om op te kyk na Christus.
- Tussen die apostels staan Maria - met twee engele weerskante.
- Maria kyk reg voor haar uit.
- Haar hande in ‘n gebedshouding - dit simboliseer die kerk wat agtergebly het en in gebed verkeer.

# Jesus laat voetafdrukke na

Einde van 4e eeu
Kapel opgerig op die Olyfberg.
In die middel daarvan is ‘n rots met voetspore op.
Baie mense glo dat dit die voetspore is wat Christus agtergelaat het by Sy hemelvaart.
Baie afbeeldings weerspieël vandag nog hierdie tradisie.

# Altyd by julle

Hoe lyk ons prentjie van hemelvaart?
Ons prentjie van hemelvaart is dikwels die van “opstyg”
Jesus het hoër en hoër opgestyg totdat Hy by die Vader was.
Redes:

- Ons werk dikwels nog met die antieke wêreldbeeld van 3 vlakke.
- Ons vat die beelde wat die Bybel gebruik (soos “opgevaar”) te letterlik.

Jesus het nie letterlik opgevaar nie.
Ook nie letterlik boontoe gegaan nie.
Dit is maar beeldryke taal om iets iets te sê.

Om die warheid te sê: God het nie letterlik weggegaan nie.

Hy het eerder oorgegaan.

- oorgegaan na ‘n ander dimensie van bestaan.
- Ons bestaan in 3 dimensies
- Daar word gereken dat God in 11 dimensies bestaan.

- Hy het oorgegaan van sigbaar na onsigbaar.
- Van “net op een plek” na “oral”
- Van “aarde” na “bo-aards”
- Van fisies na meta-fisies.

As die Bybel sê “Hy sit aan die regterhand van God” beteken dit nie dat Hy iewers op ‘n stoel langs die Vader sit nie.

- Dit dui nie plek aan nie, maar posisie.
- Aan die regterhand van die Vader: die Ereposisie.
- Dit wil nie vir ons sê waar Jesus is nie.
- Maar wat Hy doen: Hy regeer.

En daarom is God nie daar ver weg in die hemel nie.
Daar hoog bo...
Onbereikbaar...

## God is hier.

- Ons kan Hom nie sien nie, maar Hy is hier.
- Nou.
- Op hierdie oomblik.
- En more by die werk is Hy steeds by my.
- En vanaand as ek in my bed lê, is Hy daar.

Hemelvaart wil juis sê: Hy is altyd by my.

‘N Sekere kunstenaar (Larry Van Pelt, Niceville, Florida) het in 1987 ervaar hoe die Here met hom praat.
Die Here het vir hom gesê om prente te teken wat vir mense sal herinner dat God by hulle is.
Hy het geen opleiding gehad nie en het hom onmiddelik begin voorberei om te teken.
Dit het 3 jaar geneem om homself voor te berei.
Die projek het 10 jaar geneem om te voltooi.
Elke prentjie wil net een ding sê: Ek is altyd by jou.

Waar is die Here vanaand?

[ Fotos ]

It took me a long time to realize that simple truth. The influence of my teenage daughter, who spoke of Christianity as a "relationship," and other Christian friends, led me to the point where I accepted the challenge to receive Jesus

into my life and acknowledge His power to change my life. I thank the Lord for the reconciliation His love brought into my family -- His love has knit our hearts together. Yes, Jesus in a life makes a difference -- and I could never praise Him enough for that difference.